



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2016

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: LEESBEGRIP	(30)
AFDELING B: OPSOMMING	(10)
AFDELING C: TAAL	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Beplan jou tyd só:
- | |
|-----------------------|
| AFDELING A: 50 minute |
| AFDELING B: 30 minute |
| AFDELING C: 40 minute |
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

TIENERS EN SOSIALE NETWERKE

[Uit: www.google.com]

- 1 Ek is Shireen en ek is 'n doodgewone tiener. Sosiale netwerke en die Internet is vir my baie belangrik. My ouers raak bekommerd wanneer ek ure lank op my selfoon besig is of voor 'n rekenaarskerm sit. Ontspan Ma en Pa, dit is dalk goed vir my!
- 2 'n Sosiale netwerk is 'n tipe elektroniese program. Met hierdie program kan jy 'n profiel skep en dit aan die profiele van vriende en familie koppel. Daarna kan jy stories, nuus en foto's hierop met mekaar deel. Hiervoor het jy 'n selfoon of 'n rekenaar nodig.
- 3 Ek leef op sosiale netwerke, want ek kry nie tyd om by my vriende te kuier nie. By die skool kry ek twee pouses: een wat vyftien minute duur en die ander een wat 'n halfuur lank is. Dit is nie die beste tyd om met my maats te gesels nie, want ek gebruik gewoonlik dié tyd om my tuiswerk vir die volgende paar klasperiodes te doen. Dit is onmoontlik om alles na skool te doen.
- 4 Wat doen ek in die tyd as ek ná skool by die huis is? Ek bly in verbinding met ander tieners met behulp van gratis sosiale netwerke soos Twitter en Facebook. Ek gebruik ook die Internet om inligting te kry vir die duisende projekte wat ons vir assessering moet doen!
- 5 Net soos 'n kort teksboodskap (of sms) deur middel van 'n selfoon gestuur kan word, is Twitter die sms van die Internet. Hiermee kan enige gebruiker boodskappe, bekend as tweets, stuur, ontvang en lees. Twitter is nie net 'n sosiale netwerk nie, maar ook 'n inligtingsnetwerk. Mense gebruik dit om inligting met mekaar te deel oor wat in die wêreld gebeur.

- 6 Facebook is die wêreld se grootste sosiale netwerk en is in meer as twintig tale beskikbaar. Al wat nodig is om Facebook te gebruik, is om te registreer en 'n persoonlike profiel op te stel. Daarna kan jy met ander mense kennis maak en boodskappe stuur en ontvang, speletjies speel of nuusartikels lees.
- 7 Ek skep die beeld op my Facebook dat ek 'n fantastiese lewe lei: elke vakansie is wonderlik en ek en my kêrel is smoorverlief op mekaar. In die werklikheid is die "vakansie" op die Facebook-foto eintlik net 'n rit saam met my ma Checkers toe en terug! My "kêrel" is 'n sokkerspeler in die skoolspan wat nie eers weet ek bestaan nie.
- 8 Dit is moontlik om gemeenskappe (groepe) op Facebook te vorm. Só, byvoorbeeld, is ek deel van 'n groep tieners op Facebook. Ons raak met verloop van tyd geheg aan mekaar. My tienermaats weet hoe ek as tiener voel en kan met my simpatiseer. Hulle klink nie soos 'n onderwyser wat my probeer oortuig dat die wiskunde-tuiswerk van 20 bladsye "eintlik nie so baie" is nie. Onderwysers, ouers en ander volwassenes is nie meer die enigste bronne van kennis nie. Met sosiale netwerke leer ek ook by my portuurgroep. Ek ontvang inligting van ander tieners en beantwoord ook hulle vrae.
- 9 Ek bring baie tyd op die Internet deur. Dis nie net omdat ek sosiale netwerke gebruik nie. Dis ook die plek waar ek meer kan uitvind oor alles wat vir my belangrik is. Dit is opvoedkundig en gee my toegang tot nuttige inligting wat met my tuiswerk of toetsvoorbereiding help. Boonop kan ek hierdie inligting blitsvinnig kry.
- 10 Ouers se bloed kook altyd as tieners die hele tyd op hul selfone of rekenaars besig is, maar ouers moet beseft dat kommunikasiemiddele ontwikkel het. As 'n mens mooi daarvoor dink, doen ons niks anders as wat ons ouers as tieners gedoen het nie – ons gebruik net ander metodes. Hulle het as tieners ook gereeld hulle vriende gebel en vir hulle briefies gestuur. Moderne tegnologie maak kommunikasie net baie makliker en vinniger. Ouers moet dus versigtig wees om tegnologie sommer so vinnig te veroordeel net omdat hulle dit nie verstaan nie.

[Verwerk uit: <http://www.jip.co.za> en <http://www.sarie.com>]


- 1.1 Haal 'n woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat Shireen nie uniek is nie. (1)
- 1.2 Wanneer raak Shireen se ouers bekommerd? (Paragraaf 1) (1)
- 1.3 Waarom is dit baie gepas dat die programme **sosiale** netwerke genoem word? (1)
- 1.4 Som die TWEE redes in paragraaf 4 op waarvoor Shireen sosiale netwerke en die Internet gebruik. (2)
- 1.5 Verwys na paragraaf 4.
- 1.5.1 Watter TWEE sosiale netwerke is gewild by tieners? (2)
- 1.5.2 Hoekom sal tieners lievers deur middel van sosiale netwerke met mekaar kommunikeer, as om mekaar te bel? (1)

- 1.6 Waarom, dink jy, is dit 'n goeie idee dat Facebook in verskillende tale beskikbaar is? (1)
- 1.7 Facebook is net 'n program om boodskappe te stuur en te ontvang.
Gee TWEE redes hoekom dié stelling ONWAAR is. (2)
- 1.8 Hoe kan mense Facebook NEGATIEF gebruik? Verwys na paragraaf 7. (1)
- 1.9 Waarom word die woord “kêrel” (paragraaf 7) tussen aanhalingstekens geskryf? (1)
- 1.10 Hoe verskil die onderwyser en Shireen se vriende ten opsigte van wiskunde-tuiswerk van 20 bladsye? (2)
- 1.11 “Onderwysers, ouers en volwassenes is nie meer die enigste bronne van kennis nie.” (Paragraaf 8)
Wat impliseer die woorde “nie meer ... nie”? (1)
- 1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.12 E.
In paragraaf 8 verwys die woord “portuurgroep” na ...
A onderwysers.
B ouers.
C tieners.
D ander volwassenes. (1)
- 1.13 Hoe word ouers ten opsigte van tegnologie in paragraaf 10 gestereotipeer? (1)
- 1.14 Watter kernboodskap wil Shireen in paragraaf 10 oordra? (1)
- 1.15 Noem TWEE maniere waarop ouers in die verlede met hulle vriende kontak gemaak het. (2)
- 1.16 Waarom, dink jy, fokus Shireen meestal op die **positiewe** kant van die gebruik van sosiale netwerke op die Internet? (1)
- 1.17 Watter waarde kan hierdie artikel vir ouers hê? (1)
- 1.18 Wat is die funksie van die prent? (1)

TEKS B: PERSENTASIE UITSAAITYD OP SUID-AFRIKAANSE TELEVISIE

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Verskillende tale en genres kry 'n sekere persentasie uitsaaityd per week op Suid-Afrikaanse televisie.



[Verwerk uit: www.grafika24.com]

1.19 Watter taal kry die meeste uitsaaityd op Suid-Afrikaanse televisie? (1)

1.20 Waarom is die sirkeltjie onder Venda groter as die een onder Swazi? (1)

- 1.21 Dink jy Afrikaanssprekendes het rede om te kla oor die uitsaaityd in Afrikaans? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.22 Waarom, dink jy, het Ndebele geen uitsaaityd nie? (1)
- 1.23 Gebaretaal kry geen uitsaaityd nie.
Hoe kan hierdie feit gehoorgestremdes laat voel? (1)
- 1.24 Kyk na persentasie uitsaaityd volgens **genre**.
Waarom verskyn die verskillende genres in hierdie spesifieke orde? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som die SEWE maniere om 'n goedkoop vakansie moontlik te maak, in jou eie sinne op.
2. Skryf die maniere PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die maniere van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C**HOE OM 'N GOEDKOOP VAKANSIE MOONTLIK TE MAAK!**

'n Vakansie is wonderlik vir jou gesondheid en jou gees, maar dit is nie vir almal moontlik om 'n vakansie te bekostig nie. Hier volg sewe maniere om 'n goedkoop vakansie moontlik te maak.

Jy moet eers die koste van die vakansie bereken. Hierdie koste behoort vervoer, sakgeld, kos en blyplek in te sluit. Daarna kan jy begin om sekere opofferings te maak om geld te spaar. Jy kan byvoorbeeld minder cappuccino's per week drink. As jy twee cappuccino's minder per week drink, bespaar jy R40. Dit is in totaal ongeveer R2 000 wat jy per jaar spaar!

Tydens die Desember- en Paasvakansie is vakansieoorde stampvol en die pryse is hoog. As dit moontlik is, gaan liewers wanneer dit stiller is, want dan is alles goedkoper.

Het jy geweet dat sekere dinge heeltemal gratis is? Jy kan byvoorbeeld gratis by Tafelberg opgaan as dit jou verjaarsdag is en alle Suid-Afrikaanse Nasionale Parke gee jaarliks 'n week gratis toegang aan Suid-Afrikaners. Soek dus na gratis geleenthede.

As jy nie duur hotelle kan bekostig nie, kan jy kampeer. Daar is baie goedkoop plekke orals in Suid-Afrika waar 'n mens kan kampeer. As jy hierdie opsie kies, kan jy jou eie kamptoerusting koop. Dan het jy dit as jy die volgende keer weer wil gaan kampeer.

Daar is baie webtuistes wat goeie idees het vir goedkoper vakansies soos die ruil van huise. Dit sal die koste van 'n hotel uitkakel. Gebruik die Internet om winskopies te soek.

Met hierdie raad hoef jy nie net oor 'n vakansie te droom nie!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 20 November 2014]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

TEKS D

Die terugkeer van allergieë



**Dit skuil onsigbaar in tuine en blomme ...
Dit kruip in die winter weg en wag vir die lente ...**

Sê koebaai vir hooikoors. Asook ander ongemaklike
(allergie) reaksies.

Geniet die lewe sonder om te nies en te
k r a p!

Vra jou apteker vir die handelsnaam wat
allergieë *weghou!*



DR. REDDY

se allergiepille

Net die regte (kies) vir hooikoors.

Die beste opsie vir oud en jonk.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 September 2013]

- 3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
- 3.2 Hoekom sien die leser die woorde “Die terugkeer van allergieë” dadelik raak? (1)
- 3.3 Hoe laat die woorde “skuil onsigbaar” die leser voel? (1)
- 3.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 3.4 E.
- Dit kruip in die winter weg en wag vir die lente ...
Die funksie van die beletselteken in die sin hierbo is om ...
- A emosie uit te druk.
B die “Dit” te verduidelik.
C die allergieë te beklemtoon.
D tydsverloop aan te dui. (1)
- 3.5 Gee ’n SINONIEM vir “koebaai”. (1)
- 3.6 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
Asook ander ongemaklik (allergie) reaksies. (1)
- 3.7 Na watter handelsnaam verwys die advertensie? (1)
- 3.8 Hoekom word “allergieë” en “weghou” so ver uitmekaar geskryf? (1)
- 3.9 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
Net die regte (kies) vir hooikoors. (1)
- 3.10 “Die beste opsie vir oud en jonk.”
Hoe sou jy dié woorde in die advertensie kon beklemtoon? (1)
- [10]**

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E: TIM TIER EN SIMON[Verwerk uit: www.comics.com]

- 4.1 Op watter TWEE maniere word Simon se woorde in raampie 1 beklemtoon? (2)
- 4.2 Skryf die TWEE woorde in raampie 2 neer wat SINONIEME is. (2)
- 4.3 Hoe weet jy dat Simon in raampie 2 moontlik vir nog dinge wens? (1)
- 4.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.4) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 4.4 E.
- Simon se lyftaal in raampie 2 dui aan dat hy ...
- A 'n plan het.
B hartseer is.
C gefrustreerd is.
D sy werk regkry. (1)
- 4.5 Waaruit kan jy aflei dat Tim Tier in raampie 3 nie vir Simon hardop antwoord nie? (1)
- 4.6 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.
"Hoekom moet ek vir alles werk?"
Begin jou antwoord so: Simon vra hoekom ... (2)
- 4.7 Wat is die funksie van die uitroepeteken by Simon se woorde? (Raampie 3) (1)

[10]

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- 5.1
- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
 - Opsetlike taalfoute kom voor.
 - Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS F**Paul Adams deel sy (lewe + les)**

[Uit: www.google.com]

Jy is op soek na 'n tweede kans. Paul Adams, 'n bekende kriketspeler, het 'n tweede kans gekry. Paul is vandag 'n wonderlike rol model vir kinders.

Paul Adam se lewe op die Kaapse Vlakte was moeilik. Dié oudkriketspeler se agtergrond keer hom nie.

Hy het op 18 met sy ongewone boultegniek internasionaal beroemd geword. Maar in sy 30's het sy lewe verander. Hy was skielik (sonder werk). 'n Baba was op pad en daar was geen plan B nie. Hy het moed vir die toekoms gehad. Werk was skaars. Hy het 'n klein, administratiewe werkie by die Cape Cobras kriketspan aanvaar. Dit het tot die pos as afrigter van dié span gelei.

Paul deel 'n paar belangrike wenke ... ons.

- Jy moet altyd eerlik wees. Dis die enigste manier om respek af te dwing.
- Moenie ophou droom nie. Probleme sal jou nie onderkry nie.
- Moenie te veel van jouself dink nie. Dis soms goed om onder te begin.
- Fokus op oplossings; nie op probleme nie.
- Wees gereed vir geleenthede. Paul het alle kanse gebruik.

Paul sê dat passie vir 'n mens se werk belangrik is.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 24 Oktober 2013]

- 5.1.1 Gee die SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

- Paul Adams deel sy (lewe + les). (1)
- 5.1.2 Verander die STELSIN na 'n ALGEMENE VRAAGSIN.
Jy is op soek na 'n tweede kans. (1)
- 5.1.3 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin. Skryf die korrekte spelling neer.
Paul is vandag 'n wonderlike rol model vir kinders. (1)
- 5.1.4 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Dié oudkrieketspeler se agtergrond keer hom nie. (1)
- 5.1.5 Skryf die volgende sin oor en begin met die ONDERSTREEPTE WOORDE.
Hy het op 18 met sy ongewone boulegniek internasionaal beroemd geword. (1)
- 5.1.6 Gee die KORREKTE afleiding (EEN woord) vir die woorde tussen hakies.
Hy was skielik (sonder werk). (1)
- 5.1.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Hy het moed vir die toekoms gehad. (1)
- 5.1.8 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Werk was skaars. Hy het 'n klein, administratiewe werkie by die Cape Cobras krieketspan aanvaar. (daarom)
Begin die sin só: Werk was skaars; daarom ... (1)
- 5.1.9 Gee die ontbrekende VOORSETSEL.
Paul deel 'n paar belangrike wenke ... ons. (1)
- 5.1.10 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.
Jy moet altyd eerlik wees.
Begin die sin só: Jy behoort ... (1)
- 5.1.11 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
Probleme sal jou nie onderkry nie. (1)

5.1.12 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM/PASSIEWE VORM.

Paul het alle kanse gebruik. (1)

5.1.13 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Paul sê dat passie vir 'n mens se werk belangrik is. (2)

- 5.2
- Die taalvrae wat volg, is op die prent en paragraaf hieronder gebaseer.
 - Opsetlike taalfoute kom voor.
 - Voer die instruksie by elke vraag uit.

TEKS G



[Uit: www.comics.com]

Dit is Valentynsdag. (5.2.1) Rosie weet nie wat Dirk beplan. Dirk wil vir Rosie (5.2.2) (veras) met 'n pragtige verloofring. Om die geleentheid te (5.2.3) (vier/fier), het hy die tafel romanties gedek. Rosie kan nie haar oë (5.2.4) (glo/belowe) toe sy die ring sien nie. Sy is so lief vir (5.2.5) (ringe, armbande, oorkrabbers en hangertjies). Vir die twee verliefdes was dit 'n (5.2.6) (opwindende/opgewonde) dag.

- 5.2.1 Verbeter die sin. (1)
 5.2.2 Verbeter die SPELLING. (1)
 5.2.3 Kies die korrekte HOMOFOON. (1)
 5.2.4 Kies die korrekte WERKWOORD. (1)
 5.2.5 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. (1)
 5.2.6 Kies die korrekte BYVOEGLIKE NAAMWOORD. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80